# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB NUUSBRIEF

VOLUME 3, UITGAWE 3 SEPTEMBER 2023

1996 - 2023




## INHOUDS OPGAWE:


| | |
|---|---|
| Bankbesonderhede | 2 |
| Kontak Ons | 2 |
| Webblad & Facebook | 2 |
| Bestuurskomitee | 3 |
| Jaarlikse Ledegelde | 4 |
| Klub Inligting | 4 |
| Gemeenskapsuitreik | 4 |
| Uitnodiging na AJV | 5 |
| AJV Dokumentasies | 6 -13 |
| Vorige Byeenkomstes: | 14 - 19 |
| Namaqua 4x4 Eko-roete | 14 - 19 |
| Toekomstige Byeenkomstes | 20 - 21 |
| Belangrike Datums om te Onthou | 22 |
| Van die Redaktrise | 25 |
| Baie Dankie | 23 |
| Little Dots around Windscreen | 24 |
| The Vingerklip and Mukurob | 25 |
| Herwinningstoerusting | 26 |

# BANKBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| **Bank:** | Nedbank |
| **Tak:** | Pretoria Noord |
| **Rekening Naam:** | Toyota 4x4 Eienaarsklub |
| **Rekening Nommer:** | 1375001728 |
| **Tak Kode:** | 159745 |
| **Verwysing:** | Jou Naam & Van / Klubgelde |
| **Aandag:** | Susan Dellemijn |
| **Epos:** | susan@snijdergroup.co.za |

# KONTAK ONS

Posbus 31061
Totiusdal
Pretoria
0134

# WEBBLAD EN FACEBOOK

Gaan besoek gerus ons webblad by:

https://www.toyota-4x4.org/

Sowel as ons bakkies blad op Facebook by Toy-Pos SA.

Kontak gerus vir Maria Huxtable 083 447 4859 as jy foto's wil deel of 'n storie wil deel met die nuusbrief.

# BESTUURSKOMITEE 2023



**Pierre Dellemijn**
Voorsitter,
Opleiding, Toerusting.
082 446 3605
pierred2011@gmail.com



**Marius Nel**
Onder Voorsitter,
Opleiding, Lang Toere Beplanning
082 555 5609
deloise@mweb.co.za



**Maria Huxtable**
Sekretaris,
Jaarprogram, Advertensies,
Nuusbrief.
083 447 4859
marial.huxtable@gmail.com



**Japie du Plessis**
Kommunikasie (Facebook),
Radio's.
079 653 7218
japieduplessis@gmail.com



**Alta Joubert**
Klubbemarking.
082 415 0669
ajoubert@ccbagroup.com



**Riaan Louw**
Fonds Insameling.
072 395 7376
taregist@gmail.com

*"Die* ***h****artklop van die* ***K****lub"*



**Achim Wurster**
Radio's,
Kommunikasie (Nuusbrief),
Gewone Opleiding.
083 229 8347
awurster@iafrica.com



**Anton Smith**
Klubbemarking,
Fonds Insameling.
082 706 8983
antonsmith51@gmail.com



**Susan Dellemijn**
Tesourier,
Lede Administrasie.
082 825 7270
susan@auditworks.co.za

# JAARLIKSE LEDEGELDE

Die voorgeskrewe jaarlikse ledegelde van die Klub was tydens die Algemene Jaarvergadering 2022 hersien.

- Daar is 'n toetreebedrag van R 200.00 betaalbaar deur elke nuwe lid.
- Oud klublede wat bedank het en weer aansluit sal 'n toetreebedrag van R 50.00 betaal.
- Die jaarlikse ledegelde is R 450.00

Alle klublede word daaraan herinner om hierdie ledegelde so gou as moontlik te betaal.

*Die Bestuurskomitee*

# TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB

- 'n Lid is self verantwoordelik om sy gade in te lig van die klubaktiwiteite. Die jaarprogram is ook beskikbaar op die webblad om lede vroegtydig bewus te maak van toekomstige byeenkomste.
- Maak asb gebruik van die webblad. Die kalender sal op datum gehou word. Alle informasie rakende die jaarprogram en klub inligting is op die webblad.
- Die klub vra asseblief dat lede hulle jaarlikse klublede geld betaal voor enige naweek of toere bygewoon kan word.
- Indien ´n kommunikasiedag of daguitstappie bygewoon gaan word, stel asb die nodige komiteelid in kennis. Daar word baie moeite gedoen om bykosse te reël vir hierdie byeenkomste.

# Gemeenskapsuitreik

*Raak betrokke. Raak ´n "omgee" mens.*




Ons het dit goed gedink om hierdie jaar 'n houer by elke kommunikasiedae te hê waarin elkeen 'n nie-bederfbare produk en/of toiletware kan insit.

Hierdie produkte sal ons dan op ons Welsynsdag in Oktober 2023 aan die betrokke instansie wat ons gaan besoek oorhandig as deel van ons uitreik aksie.

# Uitnodiging na Toyota 4x4 Eienaarsklub/ Owners Club se Jaarlikse Algemene Vergadering 25 November 2023

Alle lede in goeie naam word vriendelik uitgenooi na die Algemene Jaarvergadering wat gehou sal word op 25 November 2023, om 09:00 te Kwaggasrus, Brits.

Kom wees deel in die besluite wat geneem gaan word tydens die vergadering. Die Klub het elke lid se teenwoordigheid en insette nodig.

Indien dit nie moontlik is om die vergadering by te woon nie, word u vriendelik versoek om volmag aan ´n lid in goeie naam toe te wys wat namens u mag stem. Die volmag vorm kan gestuur word vir aan enige Komiteelid, voor of op die 24$^{ste}$ November 2023 volgens die vasgestelde konstitusie.

**(Die akte wat ´n gevolmagtigde aanstel of ´n prokurasie of ander toestemming, indien enige, waaronder dit onderteken is, of ´n notariële gesertifiseerde kopie van daardie prokurasie of toestemming moet by die Sekretaris van die Klub nie minder nie as 48 (agt-en-veertig) uur voor die vergadering of ´n uitgestelde vergadering, waar die persoon in die akte genoem van voorneme is om te stem of in die geval van ´n stemming, nie minder nie as 24 (vier-en-twintig) uur voor die stemming plaasvind, gedeponeer word en by versuim sal die akte van volmag as ongeldig beskou word).**

Klub Groete.

Die Sekretaris.

*ML Huxtable*

Maria Huxtable.

# TOYOTA 4 X 4 EIENAARS KLUB / OWNERS CLUB

## VOLMAGVORM

**25 November 2023**

| | | |
|---|---|---|
| **Ek, die ondergetekende** | | (Volle name) |
| **woonagtig te** | | (Woonadres) |

**synde 'n lid van goeie naam van bostaande Klub, stel hiermee**

| | | |
|---|---|---|
| **vir** | | (Volle name) |
| **van** | | (Woonadres) |

**aan as my gevolmagtigde om namens my by die Algemene Jaarvergadering van hierdie klub wat op 25 November 2023 gehou staan te word, of by 'n uitgestelde vergadering, te stem.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **GETEKEN te** | | | | | (Plek) |
| **Op hierdie** | | (Datum) | **dag van** | | (Maand & Jaar) |
| | | | | | (Lid se volle name) |
| **Handtekening:** | | | | | |

*Maria Huxtable*

**Sekretaris**

Die volmagvorm kan gestuur word na Maria Huxtable (marial.huxtable@gmail.com), of aan enige Bestuurskomitee, voor of op die 23ste November 2023 volgens die vasgestelde konstitusie.

**Die volmagvorm kan ook aangestuur word na die volgende Bestuurskomitee**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pierre Dellemijn | pierred2011@gmail.com | Riaan Louw | taregist@gmail.com |
| Marius Nel | deloise@mweb.co.za | Achim Wurster | awurster@iafrica.com |
| Japie du Plessis | japie@steynsteel.co.za | Anton Smith | antonsmith51@gmail.com |
| Alta Huystek | ajoubert@ccbagroup.com | | |

EIENAARS KLUB TOYOTA 4X4 OWNERS CLUB

# Agenda

| ONDERWERP | Agenda van Algemene Jaarvergadering - 2023 | DATUM | 25-11-2023 |
|---|---|---|---|
| GEHOU TE | Kwaggasrus, Brits | TYD | 09:00 |

| TEENWOORDIG: | | | VOLMAG: | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| ITEM NO | SAKE | |
|---|---|---|
| 1 | **VERWELKOMING.** | |
| 2 | **VERSKONINGS.** | |
| 3 | **KONSTITUERING EN AANVULLENDE SAKE.** | |
| 4 | **AANVULLENDE SAKE.** | |
| 5 | **NOTULE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 26 NOVEMBER 2022.**<br>Notule van Algemene Jaarvergadering van 2022 word as (nie) korrek aanvaar (nie). | |
| | **Voorgestel:** | |
| | **Gesekondeer:** | |

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| 6 | **VOORSITTER VERSLAG.** |
| 7 | **FINANSIËLE VERSLAG.**<br><br>**Voorgestel:**<br>**Gesekondeer:** |
| 8 | **WYSIGING VAN KONSTITUSIE.**<br>**Voorstelle:**<br>Voorstelle moet voor die 20ste Oktober 2023 ingestuur word. Die doel daarvan is om sinvol oor die wysigings te besluit.<br><br>**Voorgestel:**<br>**Gesekondeer:** |
| 9 | **VERKIESING VAN 2024 BESTUURSKOMITEE.** |
| 9.1 | **VOORSITTER.** |

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| 9.2 | **BESTUURSKOMITEE LEDE.** |
| | **Komitee 2023:** ______________________ het hulle nie weer beskikbaar gestel vir 2024 nie. |
| | **Komitee 2024:** Die volgende lede is as Komiteelede verkies deur Komitee/Klublede: |

| | NOMINASIE | KOMITEE VOORGESTEL | KOMITEE GESEKONDEER |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| 8. | | | |

Stuur voorstelle vir ( ´n) moontlike kandidaat/kandidate vir Komitee.

**Tesourier –** ____________________.

| | |
|---|---|
| **Voorgestel:** | |
| **Gesekondeer:** | |

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| 10 | **ONDERTEKENING VAN SERTIFIKAAT VAN AANVAARDING.** |
| 11 | **NUWE VOORSITTER SE BOODSKAP.** |
| 12 | **ALGEMEEN.** |

| | |
|---|---|
| **Voorgestel:** | |
| **Gesekondeer:** | |



| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| 13 | **SLUITING.**<br>Die Algemene Jaarvergadering is afgesluit en die Voorsitter bedank almal wat bygewoon het.<br>Vergadering verdaag om ________________. |
| 14 | **GOEDGEKEUR** |

| | |
|---|---|
| ________________ | ________________ |
| **Datum** | **Voorsitter** |

EIENAARS KLUB TOYOTA 4x4 OWNERS CLUB

# Notule

| Onderwerp | Notule van Algemene Jaarvergadering - 2022 | Datum | 26-11-2022 |
|---|---|---|---|
| Gehou te | Kwaggasrus, Brits | Tyd | 09:13 |

| Teenwoordig | Volmag | |
|---|---|---|
| Sien Teenwoordigheidslys. | Maria Huxtable<br>Marius Nel | Pierre Dellemijn<br>Jaco du Plessis |

| Item No | Sake |
|---|---|
| 1 | **VERWELKOMING.**<br>Pierre Dellemijn verwelkom almal by die Algemene Jaarvergadering en Marius Nel open met gebed. |
| 2 | **VERSKONINGS.**<br>Jakes de Waal |
| 3 | **KONSTITUERING EN AANVULLENDE SAKE.**<br>Genoegsame Klublede en Komiteelede is teenwoordig om 'n kworum te vorm en die vergadering word as behoorlik gekonstitueer verklaar. |
| 4 | **AANVULLENDE SAKE.**<br>4.1 Geen. |
| 5 | **NOTULE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 27 NOVEMBER 2021.**<br>Notule van Algemene Jaarvergadering van 2021 word as korrek aanvaar.<br>**Voorgestel:** Theuns J Kruger<br>**Gesekondeer:** Jako Muller |
| 6 | **VOORSITTER VERSLAG.**<br>**Opsomming:**<br>o Môre aan alle ede teenwoordig.<br>o Toyota 4x4 Eienaarsklub het sewe en vyftig (57) opbetaalde lede. Een (1) ou Klublid en vier (4) nuwe lede het dié jaar (2022) aangesluit by die Klub. Ou Klublede kom weer terug na ons Klub.<br>o Hierdie jaar is die volgende beplande naweke en toere gedoen:<br>Lekgalameetse – 8 voertuie het saamgegaan. Ons mikpunt is omtrent 10 voertuie waar moontlik,<br>Wildekus Toer – 5 voertuie,<br>Drakensberg Champagne Village – 10 voertuie. Was 'n gewone naweek gewees,<br>Dullstroom Kuier Naweek – 7 voertuie. Was 'n "chill"-naweek gewees en ons het in chalets gebly,<br>Twee Riviere – 7 voertuie. Was 'n Wilde Kampeer naweek gewees; m.a.w. self-sorgend.<br>o Drie (3) naweke is gekanselleer a.g.v te min belangstellings:<br>Doornrivier, Serendipity 4x4 en Bundu 4x4.<br>o Welsynsdag: Vir drie (3) jaar kon die Klub niks reël nie a.g.v. COVID. Dit sou 'n risiko gewees het vir ons Klublede en vir die mense.<br>Hierdie jaar het ons besluit om geld te belê in projekte om minderbevoorregte mense te help.<br>Twee (2) projekte is geïdentifiseer, naamlik:<br>(a) Grace Valley. Die hele kombuis en stoor is oorgedoen asook nuwe vensters is ingesit. |

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| | Die volgende lede het gehelp met die projek: Rudi en Alta, Gert en Johanna, Riaan en Ettienne, Riaan se ouers, Marius, Madelein, Elouise en Jaco, Japie dP, Johan van den Berg, Anton en Natania, Ivan en Louiana, Greg, Erika en John-Rolfe, Jako en Lee-Ann, Jean-Pierre en Elizna en Theo (nie 'n lid nie). Grace Valley het die Klub bedank vir die opknapping van hul kombuis!<br>(b) Opkyk Pathways. Klub is nog besig met dié projek. Dié nie-winsgewende organisasie het 'n outistiese seun wat twee (2) oppassers het en hy is vas aan 'n harnas om buite te mag speel. Buite sy klas is 'n spesiale speel area ingerig.<br>o Ons borge vir die projekte is: Christo Nel (Stewarts & Lloyds), Anton Smith, Gert van Tonder, Johan van den Berg, Gerrie wat 'n geiser geborg het, Ian Stroebel het die kombuis geverf, Ruan van M & M, Flippie van Maroela Glas, Alta (Coca-Cola) en Riaan. Bedankingsbriewe aan ons borge sal binnekort uitgestuur word.<br>o Baie geld is belê in die Welsynsdag. Daar was fondse daarvoor gewees wat vorige jare geregenereer is d.m.v gholfdag en lootjie verkope wat hierdie projekte befonds het.<br>o Daar is werk vir almal by die Welsynsdag. Kom woon dit by en maak 'n verskil in mense se lewens. |
| 7 | **FINANSIËLE VERSLAG.**<br>Susan Dellemijn lê die finansiële verslag vir die jaar geëindig 31 Oktober 2022 voor.<br>Die verslag word aanvaar met geen teen stemme nie.<br>**Voorgestel:** Theuns Kruger en Kobus Cronje<br>**Gesekondeer:** Achim Wurster<br>Die voorgeskrewe jaarlikse lidmaatskapsgelde van die Klub is hersien en is besluit om die ledegelde te verhoog vanaf R375 na R450. Die toetreebedrag is R200 vir elke nuwe lid en ou klublede wat weer aansluit sal 'n toetreebedrag van R50 betaal.<br>**Voorgestel:** Theuns J Kruger en Greg Goodchild<br>**Gesekondeer:** Riaan Louw |
| 8 | **WYSIGING VAN KONSTITUSIE.**<br>Die volgende drie (3) voorstelle is ontvang om die Klub se Konstitusie te verander:<br>**Voorstelle:** |
| 8.1 | (i) Artikel 5a sal uit die huidige Konstitusie as geheel geskrap word:<br>5a ERELIDMAATSKAP<br>5a.1 Erelidmaatskap kan aan lede toegeken word indien hulle aan die onderstaande vereistes voldoen:<br>5a.1.1 ten volle opbetaal en in goeie naam is vir twintig agtereenvolgende jaar; en/of<br>5a.1.2 vir 'n tydperk van 10 (tien) of meer jaar op die Bestuurskomitee gedien het en waarvan 5 (vyf) jaar opvolgende jare was;<br>5a.2 'n Lid wat aan bogenoemde bepaling voldoen kan skriftelik aansoek doen by die Bestuurskomitee vir die erkenning.<br>5a.3 Die Bestuurskomitee se besluit sal geldig en bindend wees. |
| 8.2 | (ii) Die voorstel behels die aanpassing vir lede wat ouer as 60 jaar is:<br>6.3 'n Lid wat 60 (sestig) jaar en ouer is en aktief betrokke is by die Klub aktiwiteite sal slegs aanspreeklik wees vir 50 (vyftig) persent van die jaargeld. Hierdie bepaling sal slegs van toepassing wees op lede wat ten volle opbetaal en in goeie naam is vir tien agtereenvolgende jare. 'n Lid wat aan hierdie bepaling voldoen, moet jaarliks skriftelik ~~kan skriftelik~~ aansoek doen by die Bestuurskomitee vir die vergunning. |
| 8.3 | (iii) Artikel 6.4 sal uit die huidige Konstitusie as geheel geskrap word.<br>6.4 Erelede sal vrygestel wees van die betaling van jaarlikse ledegelde.<br><br>**Stem:** Meerderheid het ja gestem. |

| ITEM NO | SAKE | |
|---|---|---|
| 9 | **VERKIESING VAN 2023 BESTUURSKOMITEE.**<br>Pierre Dellemijn, Marius Nel, Maria Huxtable, Japie du Plessis, Alta Joubert en Riaan Louw het hulself beskikbaar gestel.<br>Sien onder punt 9.2 genomineerde nuwe lede.<br>Die volgende lede is tot die Subkomitee verkies:<br>Ruan Dellemijn en Jako Muller. | |
| | **Voorgestel:** | Pierre Dellemijn |
| | **Gesekondeer:** | By wyse van hande - Klublede |
| | Pierre Dellemijn tree op as stembeampte. | |
| 9.1 | **VOORSITTER.**<br>Bevestiging van 2023 Voorsitter: | |
| | **Voorsitter:** | Pierre Dellemijn (Tweede jaar van drie jaar termyn) |
| | **Voorgestel:** | Komiteelede |
| | **Gesekondeer:** | By wyse van hande - Klublede |
| 9.2 | **BESTUURSKOMITEE LEDE.**<br>**Komitee 2023:** Die volgende lede is as Komiteelede verkies deur die Komitee: | |

| | NOMINASIE | KOMITEE VOORGESTEL | KOMITEE GESEKONDEER |
|---|---|---|---|
| 1. | Pierre Dellemijn | Marius Nel | Japie du Plessis |
| 2. | Marius Nel | Achim Wurster | Maria Huxtable |
| 3. | Maria Huxtable | Japie du Plessis | Achim Wurster |
| 4. | Japie du Plessis | Alta Joubert | Anton Smith |
| 5. | Alta Joubert | Riaan Louw | Pierre Dellemijn |
| 6. | Riaan Louw | Pierre Dellemijn | Marius Nel |
| 7. | Achim Wurster | Maria Huxtable | Riaan Louw |
| 8. | Anton Smith | Pierre Dellemijn | Alta Joubert |

Die Komitee is tydens die AJV se stemming aanvaar deur die Klublede by wyse van hande en met geen teen stemme nie.

Tesourier – Susan Dellemijn word weer verkies as Tesourier vir 223.

| | |
|---|---|
| **Voorgestel:** | Danie van der Walt |
| **Gesekondeer:** | By wyse van hande - Klublede |

Genoegsame Komiteelede volgens die Konstitusie.

Portfolio's sal in 2023 deur die Voorsitter toegeken word.

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| 10 | **ONDERTEKENING VAN SERTIFIKAAT VAN AANVAARDING.**<br>Sertifikaat van aanvaarding van pos om in die Bestuurskomitee vir 2023 te dien is onderteken.<br>Komitee van 2019, 2020, 2021 en 2022 se sertifikate is nog nie oorhandig. |
| 11 | **NUWE VOORSITTER SE BOODSKAP.**<br>○ In Januarie 2022 toe die Komitee bymekaar gekom het om die jaarbeplanning te doen het, het ons besluit om die Klub 2 tot 3 jaar oor te gee aan ons jong mense onder 50. Dit is die Klub se visie. Ons jong mense is die toekoms van die Klub.<br>○ Dit het al begin by ons maand byeenkomstes waar ons lekker dinge begin te doen. Ons het speletjies gespeel ens. Jong mense moet besluite neem vir ons Klub se toekoms. |

| ITEM NO | SAKE |
|---|---|
| | ○ Wat in die vroeër jare gebeur in die Klub het moet nou weer gebeur vorentoe. Jong mense moet voorstelle gee vir ons Klub se toekoms.<br>○ Dankie aan die Komiteelede en Subkomitee wat gaan staan vir 2023.<br>○ Dankie vir die voorreg om weer Voorsitter van die Klub te wees. |
| 12 | **ALGEMEEN.**<br>**12.1** Nie van toepassing nie |
| 13 | **SLUITING.**<br>Die Algemene Jaarvergadering is afgesluit en die Voorsitter bedank almal wat bygewoon het.<br>Die vergadering verdaag om 10:12. |
| 14 | **GOEDGEKEUR**<br>24 Januarie 2023 — **Datum**<br>Pierre Dellemijn — **Voorsitter** |

## BAIE BELANGRIK

Indien daar enige Klublede is wat 'n klousule in die konstitusie wil verander, moet dit so gou as moontlik aan die Komitee gemeld word.

Die afsny datum is 20 Oktober 2023.

# VORIGE BYEENKOMSTES

## Namaqua 4x4 Eko-roete

### 22 April - 01 Mei 2023

Saterdag 22 April word 'n Cruiser en 'n Fortuner se silinders wakker en begin op en af beweeg. Dit is die begin van nog baie, of liewers bietjie te veel, op en af vir die 3 insittendes in die twee voertuie.

Die eerste dag al agter die lang swart streep aan stop ons met sonsondergang by Die Mas se wingerde in Kakamas en geniet nog bietjie moderne geriewe vir die nag. Dag twee begin die avontuur met petrol vol maak in Pofadder, daar ontmoet Esmé onverwags vriende uit die Kaap – klein wêreld want jy kan nie eers in Pofadder wegkruip nie! Kort daarna is ons by die afdraai vir die Namakwa 4x4 Eko-roete en die grondpad begin met draaie deur interessante rotsformasies met vreemde plante. Ons stop by Pella se Rooms-Katolieke kerk en word dadelik deur 'n paar inwoners bestorm met mooi klippies en ander stories in 'n poging om ons van die las van ons geld en die inhoud van ons karre te "verlig" terwyl ons die oulike Kerk besigtig. Die "verligting" oorleef mik ons deur Charlie's pas na die groot groen slang wat deur daardie wêreld sluip en vorentoe 'n gereelde lafenis bied.






By Klein Pella oornag ons, proe 'n paar dadels, en soek sommer olie, want met so baie dadelpalms dink ons, ons is in Saoedi-Arabië. Dan verlaat ons die beskawing en mik op die agterpaadjies na Hartbeesmond vir ons eerste wildkamp nag onder die sterre, langs die rivier. Dis moeilik om te beskryf, maar daar skakel jy heeltemal af van die daaglikse gejaag, selfs Piet wat gewoonlik baie goed met woorde is, het gesukkel om die rustige stilte en grootheid van God se Skepping te beskryf.



Die nag se wildkamp toets geslaag, met 'n paar toerusting foute ontdek en reggemaak, mik ons verder. Ons besigtig Stuurman's Kuil, Witbank, Grootmelkhoutboom, Ramansdrift en Goodhouse oppad Kamgab toe. Die roete vat ons verby verlate vloedvlakte-landerye, met vervalle plaashuise en implemente wat staan en roes in die son. Ons vind later uit dis die gevolge van grondonteiening.










By Kamgab deel ons die wildkamp met 'n Gino en Nicole wat met hul Hilux die roete aandurf, in die teenoorgestelde rigting as ons. Die volgende oggend vra Gino of ons sal help, die Hilux se diesel enjin loop, maar die olieliggie brand, hy loop net op 3 silinders en in "limp mode". Daar lê omtrent 20 km opdraende oor die sand en klip van die rivierbed, 10 km verlate tweespoor grondpad, en nog 25 km provinsiale grondpad na die teerpad voor. Eerste kans vir selfoon sein is by die provinsiale grondpad. Ons bied aan om te sleep as nodig, maar besluit saam dit gaan makliker en veiliger wees as hy op eie stoom dit deur die nou draaie en oor die klippe kan maak. Daar maak Hilux dit toe, met die diesel wat heletyd nog in "limp mode" loop. Naby waar hulle sein kry besluit hulle, hulle voel gemaklik om die kortpad Steinkopf toe alleen aan te durf. Ons ruil nommers uit en belowe om hulle te kom soek as ons nie later hoor dat hulle veilig in Steinkopf aangekom het nie. Ons reis verder op die lang natuurskoon roete deur pragtige klip en rotsformasies met nuwe interessante en vreemde plante, na die Vioolsdrif / Steinkopf pad. Daar kry ons sein en hoor Gino hulle is al in Springbok by Toyota – rotte het by Kamgab die Hilux se kabels gekou terwyl die hitte van die enjin hulle oornag warm gehou het.

# Namaqua 4x4 Eko-roete



Ons maak vol in Steinkopf en mik Vioolsdrif toe. Op aanbeveling van Gino probeer ons slaapplek kry by Growcery buite Vioolsdrif, maar hulle is vol. Net 'n ent verder kry ons toe blyplek by River Sun en die huisie voel sommer soos vyf ster verblyf na twee nagte se wildkamp. Jenny van River Sun het daai outydse gasvryheid wat jy net by mense kry wat in die middel van nêrens woon. Met die sonsondergang sien ons nog 'n otter wat op die oewers baljaar.

Op pad Eksteensfontein toe loer ons na die rotstekeninge, ongelukkig sukkel mens om uit te maak wat die oorspronklike oer rotstekeninge is en wat die meer onlangse "moderne-mense" se graffiti is. Bietjie verder ry mens deur 'n tuin van steenbakens, dit lyk surrealisties en mens wonder of "aliens" dit gebou het. Die wild in die Nababeep Park blyk ook uit 'n ander wêreld te kom, die skerpioene het 'n aggressiewe houding wat ek nog nooit by skerpioene gesien het nie en daar is klein rotsagtige soogdiertjies wat soos dassies in die son bak. Ons ry nog 'n draai verby Rooiberg voor ons ons Tierhoek kamp vir die aand soek.




Op hierdie tweede deel is die Namakwa 4x4 roete bordjies nie meer so volop nie en ons begin twyfel of die verlate tweespoor waarop ons ry en wat op plekke amper nie te sien is nie, nog die regte pad is. Daar word ook nie GPS punte gegee nie, so ons moet tussen die aanduidend kaart, vae roete beskrywings, Tracks 4 Africa se "Tierhoek Circle Route" (wat nie ooreenstem met die tweespoor waarop ons is nie) en Achim se raai dat 'n "Tierhoek" êrens met rotse tussen die berge moet wees, besluit wat ons gaan doen. Piet wil terug groot grondpad toe maar ons bevestig die GPS "waypoint" waarna hy kyk is net 'n afdraai punt en nie die kampplek nie. Esmé bid al in stilte dat ons nie op hierdie oop verlate en winderige vlakte gaan wildkamp nie. Na 'n vinnige koukus maak Achim 'n besluit en ons mik verder noord op die amper nie te sien tweespoor en wragtig, daar is weer 'n Namakwa 4x4 roete bordjie so alleen in die vlakte.






Darem mik ons na berge toe en na nog 'n paar draaie, van hulle sonder bordjies, ry ons by die Tierhoek kampbordjie verby in die kampterrein in. Na die Kamgab rotte les kamp ons ver weg van die digte plante en rotse en maak die enjinkappe oop dat hulle vinniger afkoel voor ons gaan slaap, weereens onder 'n wonderlike sterrehemel.







Die volgende dag ontdek ons dat ons volgende kamp plek, Bakkranse, nie ver is nie. Plaas dat ons die dag rustig is, besluit ons wat van ons ry sommer vandag die draai na Alexanderbaai en kom vanaand terug Bakkranse toe, dan is dit korter pad Richtersveld toe die volgende dag. Maar ons ry ook nie die laaste kilometer in om te sien hoe dit by Bakkranse lyk nie – groot fout, soort van. Die pad tussen die rooi en vaal duine na Alexanderbaai toe is ‘n verlate mooi van sy eie, maar die lang reguit stukke pad beteken sinkplaat. In Alexanderbaai aangekom vind ons uit die petrol pompe loop nie weens beurtkrag, ons kan wag maar daar is nie tyd daarvoor nie. Ons gaan soek waar die Oranje Rivier in die Atlantiese Oseaan inloop, maar die mis beteken ons sien net die kant van die riviermonding se vloedvlakte en niemand is lus vir 1km ver se loop deur die koue winderige mis, op die nat seesand, terwyl mens net so 30 m ver kan sien. Die “vinnige“ pad terug Bakkranse toe was toe nog meer vol sinkplaat en nie te ver uit Alexanderbaai uit besluit Piet sy sinkplaat pad skud-battery is pap en ons kry ‘n rondawel by Brandkaros.








# Namaqua 4x4 Eko-roete



Van Brandkaros mik ons reguit Richtersveld Park toe, Bakkranse moet wag vir die pad terug. Ons teken in en kry dit reg om ons tweede nag van Kokerboom Kloof (toe ons bespreek was De Hoop vol vir die tweede aand) na De Hoop toe te skuif, dit spaar ons tente af en opslaan. Die karre se brandstof word aangevul en ek loer gou hoe Sendelingsdrif se kampplek lyk – baie beter, hulle het hom mooi opgeknap vandat ek hom in 2013 vervalle gesien het. Ons soek maar ons sien geen halfmense op die Halfmens Pas, ook geen akkedis op die Akkedis Pas. Maar God se Hand is daar, die klip is bietjie swaar so hy word nie gesteel nie. Ons span lekker uit by De Hoop, die keer deel ons die kamp plek met ander en daar is koue storte en spoel toilette – luuks na die vorige wildkampe!

Ons verken 'n dag lank die Richtersveld Park, sien kokerbome in die kokerboom kloof, groot graniet rotse en Tatasberg. Langs die pad kry ons 'n paar keer gemsbokke en 'n paar verlore springbokke. By De Hoop langs die rivier herlaai ons ons sinkplaat batterye wat deur die dag weer pap geraak het terwyl die otters in die water speel, die blouapies in die riete en bome speel, en die visarende vir mekaar skree. Die blouapies was bietjie teleurgesteld in Esme se tee keuse, want hulle het die sakkies daar bo in die boom gelos toe hulle aanbeweeg. Ons ruil stories met van die ander kamp gaste en hulle klink verbaas oor ons beplande roete uit die park uit die volgende dag. Ons maak die beste van ons laaste aand langs die rivier en onder die sterre met nog 'n lekker braai, soos elk aand, terwyl ons oor die doel van die lewe en grootheid van die heelal bespiegel.











Met die uittog ry ons toe soos beplan oor Domorogh Pas en Helskloof Pas, geen problem vir ons maar ek sien toe dat die parkeraad geen onderhoud op hierdie paaie meer doen nie en hulle was baie slegter as in 2013. Vir 4x4 nuwelinge sou hulle 'n lekker naelbyt uitdaging wees en die gesigte van die vorige aand se mede kamp gaste maak toe sin. Uit die park uit mik ons vir die grondpad na Lekkersing, want Achim wil mos nog oppad terug na die Bakkranse gaan kyk wat ons nog nie gesien het nie. Dis waar die fout ons toe inhaal, want daai pad is ernstige en hoë sinkplaat, stadig of vinnig, hy skud jou stukkend. Maar mens moet maar deurdruk. Bakkranse gesien was dit volstoom weer Kakamas toe waar ons nog 'n aand tussen die wingerde oornag het. Dag 11 vat ons die lang pad terug Pretoria toe, na 3,750 km ontwikkel ons almal 'n allergie nie net vir sinkplaat maar ook vir in 'n kar sit. Terwyl die allergieë stadig maar seker sal verdwyn bly die herinneringe aan die natuurskoon, die verskillende rotse en rotsformasies, die interresante plante wat in elke vallei anders en uniek is, die dae aan een wat ons amper geen ander voertuie of mense gesien het nie terwyl ons van die een mooiste uitsig na die ander al langs die Oranje Rivier in die Namakwa ry. Vir die vriendelike mense langs die pad en die wat saamgery het, vir die aande saam om die vuur onder die sterre, vir die sê ek almal dankie. En nee, ons kom toe nie tot 'n antwoord nie oor die doel van die lewe en die grote van die heelal, maar as daar 'n plek is waar jy naby aan die antwoord kom is dit om die kampvuur, langs die Oranje rivier, onder die sterre!

*Achim, Piet en Esmé*












# TOEKOMSTIGE BYEENKOMSTES

## Jy wil dit nie misloop nie!

TOYOTA 4X4 EIENAARS KLUB OWNERS CLUB

MERK JOU DAGBOEK!

# WELSYNSDAG

**SATERDAG, 14 OKTOBER 2023**

**Wie:** ±25 Gestremde persone en ±5 personeel van Die Oord wat geleë is tussen Hartbeespoortdam en Brits.

**Tyd:** 07:45 by Sasol Zilkaatsnek, h/v R511 & R513, Brits, waarvandaan ons na Die Oord vertrek. Gestremde persone en personeel word opgelaai en vertrek na Kwaggasrus toe.

**Waar jy kan help:**

Vervoer van die gestremde persone en personeel na en terug van Kwaggasrus af, skottels vir was van eetgerei & glase ens., urns vir kookwater, braaitange, toeknyproosters, tafels, gazebo's, houers om koeldranke en water koel te hou.

Fotograaf wat foto's kan neem.

Ons benodig helpers wat in voorspan kan help.

Ons het julle hulp nodig met donasies en/of borge.

**Kontak:** Pierre (082 446 3605) as jy wil deel wees van hierdie wonderlike dag.

Jy kan 'n verskil maak.




Plek sal nog aangekondig word.

# BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU

## Merk jou dagboek!

| | | |
|---|---|---|
| 01 Oktober 2023 | - Kommunikasiedag | Dellemijn Ranch |
| 14 Oktober 2023 | - TEK 4x4 Welsyndag | Pierre (082 446 3605) |
| 29 Oktober 2023 | - Daguitstappie | Anton (082 706 8983) |
| 05 November 2023 | - Kommunikasiedag | |
| 24 - 26 November 2023 | - AJV en Jaareindfunksie | Kwaggasrus, Brits |
| 03 Desember 2023 | - Kersete | |
| 28 Januarie 2024 | - Daguitstappie | Anton (082 706 8983) |
| 04 Februarie 2024 | - Kommunikasiedag | |
| 17-18 Februarie 2024 | - Karee Krans | Sal nog aangekondig word |
| 03 Maart 2024 | - Kommunikasiedag | |
| 21 Mrt - 01 Apr 2024 | - Kgalagadi Transfrontier Park | Pierre (082 446 3605) |
| 29 Mrt - 01 Apr 2024 | - Botsalano Wildreservaat | Marius (082 555 5609) |
| 07 April 2024 | - Kommunikasiedag | |
| 27 Apr - 01 Mei 2024 | - Drie Provinsies 4x4 | Maria (083 447 4859) |

# VAN DIE REDAKTRISIE

**E**k is opsoek na die volgende:

- Lief en Leed, laat weet asseblief as daar enige siekte of goeie nuus is.
- Enige goeie, skoon grappe of stories wat vir die TEK Nuusbrief gebruik kan word.
- Foto´s van waar jy 4x4 gery het.
- Ek is elke maand opsoek na ´n voorblad foto, natuurlik van ´n 4x4 in die klub. Die beste foto wat aan my gestuur word via e-pos sal die voorblad haal. Foto´s moet verkieslik in "***portrait***" wees en nie "***landscape***" nie, indien moontlik.

Kom ons kry daai aksie foto´s in!

- Enige kommentaar en voorstelle is ook welkom.

*Maria Huxtable*

Gewaardeerde Klublede,

Soos ons die einde van nog 'n jaar nader, wil TEK 4x4 se Bestuurskomitee graag van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat hierdie jaar ons klubaktiwiteite bygewoon het en 'n spesiale woord van dank vir jul volgehoue lojale ondersteuning.

# The Little Dots Around A Windscreen

These dots are called frits. A frit is a painted black enamel that's baked around the borders of a windscreen during the manufacturing process. They often start out as solid black bands near the edge, and gradually dissolve into small dots at the outer edge. They are seen on windscreens and other parts of your car's glass windows. And believe it or not, they serve four main purposes:

They serve as a contact point between the glass and car frame. They create "etches" on the surface, making them rougher so the adhesive can stick better to the glass.

They help preserve the urethane sealant used to bond the glass to the frame. They use the black enamel outside the windshield to block the sun's ultraviolet rays from melting the adhesive underneath the band. This keeps the windows firmly glued in their place.

The black dots, or "dot matrix" help distribute temperature evenly to lessen optical distortion or "lensing". This happens when the frit band (the solid black one) heats up much faster than the windscreen's glass, creating an optical distortion that makes either straight lines look curved or bowed inwards toward the centre. Those "gradually sinking" black dots help lessen this phenomenon by dissipating the heat and spreading it out evenly.

Frits are also there for aesthetic purposes. If you look closely, the contrast between the dark band and the transparent glass can look too obvious even when viewed from afar. Creating a halftone pattern or "dot-matrix" allows a gradual decrease in size, making the transition much more subtle and easier on the eyes.

Frits are slowly evolving over the years and modern cars now add "third visor frits" right behind the rear-view mirror to block the sun between two sun visors.

***"Well, as it turns out, those small dots aren't for decoration. In fact, they serve quite a few important purposes that you might not think about …"***



## REFERENCES


* https://www.thedrive.com/
* https://www.autoglaze.co.uk/


## FAIR USE NOTICE

I do not own this content. All credits go to its rightful owners.

This material constitutes a fair use of any copyrighted material as provided for in Section 12 of the SA Copyright Act of 1978 and its amendments.

# The Vingerklip and Mukurob (Finger of God)

## Vingerklip

Die Vingerklip is die geologiese oorskiet van 'n Ugab-terras, sy geologiese geskiedenis kan soos 'n oop boek gelees word wanneer na die lae konglomeraat gekyk word. Die Rotsvinger staan op 'n heuweltop en het 'n hoogte van 929 m bo seespieël, die rots self is 35 meter hoog. Besoekers word toegelaat om die heuwel te klim om die rotsformasie te besigtig, maar dit is verbode om die Vingerklip te klim.



Die Vingerklip is 'n geologiese oorskiet van 'n Ugab-terras.



Uitsig vanaf die Vingerklip tot in die Ugab-vallei.



Vingerklip Lodge.

## Mugorob

Interessant genoeg het Namibië tot 1988 twee bekende rotsvingers gehad. Behalwe die Vingerklip het die Mukorob of Mugorob ("Vinger van God" in die Nama-taal) bestaan. Dit het nie ver van Keetmanshoop gestaan nie, het 'n hoogte van 12 meter gehad en 'n uiters dun basis van slegs 1,5 meter breedte en 3 meter lengte wat ongeveer 450 ton dra. Op 8 Desember 1988 het die Mukorob verdwyn en net 'n leë voetstuk en 'n groot hoop sandsteen agtergelaat. Baie berigte blameer sterk wind vir die ineenstorting, maar dit is nie heeltemal waar nie. Geoloë het drie faktore gevind wat tot die ineenstorting gelei het: Eerstens het die vogindringing van die smal voetstuk waarop die Mukorob gestaan het 'n vermindering in drakrag veroorsaak; tweedens die massa van die Mukorob en laaste maar nie die minste nie die feit dat op 7 Desember 'n sterk aardbewing van 6,9 op die Richter-skaal Armenië geskud het. Die grondbeweging is selfs in Windhoek geregistreer. Hierdie seismiese skokke het waarskynlik die Mukorobs-nek gebreek. Aangesien die ineenstorting eers op 8 Desember opgemerk is, d.w.s. 'n dag later kan hierdie aannames geloofwaardig wees.
Aangesien die Vingerklip die enigste nog bestaande rotsmonument in Namibië is, geniet dit 'n toeristiese opgradering. Baie toeriste wat die Etosha Nasionale Park besoek, besoek die Vingerklip op 'n klein ompad. Laaste maar nie die minste nie, doen die luukse Vingerklip Lodge met sy bekende goeie diens en groot uitsigte sy deel om gaste te lok.





### VERWYSINGS


* GONDWANA COLLECTION
* info-namibia

# SECURETECH HERWINNINGSTOERUSTING








Die **TOYOTA 4X4 EIENAARSKLUB** kan herwinningstoerusting verskaf aan ons lede teen bekostigbare pryse.

Kontak Pierre gerus as jy verdere produk inligting of 'n pryslys benodig, navrae het of as advies soek.

Kontak vir Pierre 082 446 3605 om jou herwinningstoerusting te bestel.

***Moenie wag tot jy dit nodig het, dan is dit te laat!***






**TOYOTA4x4 EIENAARSKLUB**

Posbus 31061

Totiusdal

Pretoria

0134

Sel: 082 446 3605 (Pierre Dellemijn)

Sel: 082 825 7270 (Susan Dellemijn)

E-pos: pierred2011@gmail.com (Pierre)

E-pos: susan@snijdergroup.co.za (Susan)

Die

**Toyota 4x4 Eienaarsklub**

is geleë in

Pretoria, Gauteng.

**ONS VISIE:**

**4X4 Familie betrokkenheid.**

**ONS MISSIE:**

**Om families in staat te stel om 4X4 voertuie verantwoordelik in die natuur te gebruik.**

**Ons is op die Web!**

**www.toyota-4x4.org**

